# KOERSVAS

Jaargang 11 Uitgawe 223
16 Februarie 2024

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr J Otto

**In hierdie uitgawe:**

**Redaksioneel**
**Berigte - Bondsake**
**Omsendskrywe**
**Predikanteberaad**
**Tuinroete**
**Kwiltprojek**
**Lewensbrood**
**Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

**Keuseblindheid**

My oorlede pa het 'n worshondjie gehad wat hy in sy later jare meer bederf het as enige kind of selfs kleinkind. Vygie het oral gereis en alles saam gedoen. Waar sy nie welkom was nie, het hy nie welkom gevoel nie. Saam met Pa tv gekyk, saam met Pa gaan visvang; Pa het selfs 'n stel trappies gebou sodat Vygie maklik op die bed kon klim om haar plek te kon volslaap.

Vygie was 'n skootbrak(kie) van ekstreme; baie braaf in Oubaas se arms. Sy het selfs op die oop see saamgegaan. Daar op die oopwater was daar een vyand wat sy nie kon verdra nie: die robbe van die Weskus. Nog voor ons iets gesien het, was sy al briesend aan die blaf. Dan moes my pa al laggend keer dat sy nie agter die rob inspring en hom verskeur nie. Dit is hoe dit gelyk het.

Tot daardie een dag toe ons gedink het sy raak te vet. Tyd vir stap op die strand, oefen daai lyf tot hy weer lyfie is. Soos die lewe is, spoel daar toe 'n dooie rob uit op die strand. Lewensgroot lê dooie meneer rob op die strand. Daar gebeur die opspraakwekkende. Vygie word met blindheid geslaan. Geen verwoede geblaf, geen afstorm en vernietigende aanval van die lewelose, stinkende karkas nie. Geen poging het geluk om Vygie die duidelike hindernis raak te laat sien nie. Haar skielike "blindheid" het darem nie die res van die wêreld ingesluit nie. Net die rob wat lewensgroot smeek om aangeval te word sonder enige verweer. Ek wonder wat sou gebeur het; indien die rob lewend was. In my geestesoog sien ek hoe Vygie vlugtend as worsie die windhond honde honderdmeter rekord troef.

Uit die insident het ons 'n nuwe woord in ons gesinswoordeskat gevoeg. Indien jy aan die een kant jou mond vol het oor 'n saak, maar aan die anderkant met 'n mond vol tande is wanneer jy in lewende lywe daarmee gekonfronteer word, wanneer jy siende blind is ten aanskoue van skreiende skande en skade, dan vygie jy die saak.

Hoe gereeld vygie ons sekere sake? Ons is vol bravade in ons gesprekke oor misdaad, oor die polisie se laksheid en die owerhede se gebrek aan wetstoepassing. Wat doen ons daaraan? Ons blaf verwoed in die geselskap, maar is siende blind daar waar ons woorde tot aksie kan gaan. Het polisie brutaliteit ons vir ewig die mond gesnoer?

Ons blaf oor die kerke wat leegloop, maar wat doen ons daaraan? Praat ons met

ons eie familie, soms ons eie kinders oor eie optrede? Is ons dalk self skuldig? Ons blaf oor die kerke wat moet toemaak. Is ons offergawe van so 'n aard dat ons eie gemeente al sy verpligtinge kan nakom? Ons is braaf in die banke van die kerk, maar is siende blind vir ons eie geliefdes se oortredings. Koester die huwelik, maar woon saam, koester die huwelik, maar sien nie ontrouheid nie, sien nie selfdegeslag verhoudings raak nie.
Laat vaar eerder die bravade en vervang dit met waagmoed en vertroue. Jy is dalk klein vygie, maar dit spreek jou nie vry van die stryd opneem nie. Johan Otto

# BERIGTE

## BONDSAKE OMSENDSKRYWE

Geagte kerkraad, verenigings en gemeentes,
Die bestuur van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes het op 2 Februarie 2024 by Premiermyn Hervormde Kerk vergader.
In die lig van genoemde vergadering bring ons graag die volgende sake onder u aandag:
Notule van die 2023 Bondsvergadering
Kerkrade word versoek om die Notule soos versend op 24 Januarie 2024, noukeurig na te gaan en enige voorstelle tot veranderinge aan ds. Frans Marais frans.marais@geloofsbond.org.za deur te stuur.
Die volgende sake vanuit die notule word graag onder u aandag gebring:

Hersiening van Konstitusie sowel as Reglement van Orde (5.7 & 5.7.1)
Kerkrade word versoek om alle voorstelle rakende die hersiening van die Konstitusie en die Reglement van Orde so spoedig moontlik aan dr. Botma botmaandre03@gmail.com te stuur.

Sake rakende die kuratorium (Beskrywingspunt 7.1.1 – 7.1.13 )
Die Bestuur interpreteer die pas-afgelope besluite van die Bondsvergadering oor die rol van die gemeente se ouderlinge vergadering soos volg:
Indien daar probleme binne die gemeente ontstaan, wat insluit probleme met die predikant, hanteer die Ouderlinge die saak met die oog op die oplossing daarvan.
Veral wanneer die predikant geïmpliseer word, moet die konsulent leiding neem. Deurentyd is die Kuratorium beskikbaar vir advies.
Indien gesprekke nie die gewenste uitkomste bied nie, word die saak skriftelik onder die Kuratorium se aandag gebring vir verdere hantering.

Beskrywingspunt 7.1.9
In die lig van die Geskrewe teologiese verantwoording t.o.v. NHKA-dwalinge gee die vergadering opdrag dat alle ter sake inligting en dokumentasie aan ds. Frans Marais of Oudl. Jaco de Ridder gestuur moet word. Dr Fanie Pretorius, Dr. Lewis Strauss, Ds. Rudi Schoeman.

BONDSAANGELEENTHEDE 2024
Schoeman en Dr. Johan Otto word deur die vergadering aangewys om leiding te neem met die saamstel van hierdie dokument.

Beskrywingspunt 7.1.12
In die lig van die opdrag aan die Finansiële Komitee om die saak rakende reiskostes vir Bondsaangeleenthede te hanteer word gemeentes versoek om asseblief vrywillige bydraes tot die Fonds vir Reiskostes te maak. U kan dalk selfs oorweeg om 'n spesiale deurkollekte hiervoor aan te wend. Sodra fondse beskikbaar is, sal die Finansiële Komitee poog om 'n werkbare, sowel as regverdige verdeling van fondse vir hierdie doel daar te stel. Enige bydraes moet in die rekening van die Bond inbetaal word met Reiskostes as verwysing.

Bondsvergadering 2024

Die verkorte Bondsvergadering vind hierdie jaar plaas op 14 September 2024. Die nodige dokumentasie en verdere inligting sal eersdaags versend word.

Predikante Beraad 2024
Plek: Gemeente Theresapark
Datum: 4 & 5 April 2024
Kostes: R150/persoon betaalbaar in die Bond se rekening, voor of op 31 Maart 2024. (Verwysing – Beraad met van – bv. Beraad Marais)
Tema: Bybel Reformatoriese Teologie.

Barmhartigheid
Die Bestuur het Ds. Johan van Wyk, Ds. Louis Alberts en ds. Rudi Schoeman aangewys as persone in beheer van Barmhartigheid. Die werksaamhede sal vir eers gefokus wees op die versorging van emeriti, alhoewel ander sake van verdienste ook aangespreek sal word.
Indien u enige bydraes wil maak tot die Fonds vir Barmhartigheid, kan u, u bydrae in die rekening van die Geloofsbond inbetaal met verwysing: Barmhartigheid.

Finansiële sake
Die Finansiële Komitee is in proses om die regsrekening, sowel as elke gemeente se aanspreeklikheid tot hierdie rekening te bepaal. Sodra die proses gefinaliseer is, sal voorlopige syfers aan gemeentes deurgegee word. Let asseblief daarop dat finale syfers eers beskikbaar sal wees na die afhandeling van die oudit proses.

Riglyne vir reiskostes en preekbeurte wat betref besoekende predikante:
Reiskostes: R4/km (Tolgelde moet addisioneel bereken word)
Preekbeurte: R800 per preek.

## PREDIKANTEBERAAD

Die jaarlikse Predikanteberaad vind plaas op 4 en 5 April 2024 by Theresapark. Koste R150 per predikant. Praktiese reëlings sal nader aan die tyd deurgegee word. Die tema vir hierdie jaar se gesprek is na aanleiding van die Bondsvergadering gesprekke. "Wat beteken die term Bybels-Reformatories?" Gemeentes en kerkrade word daaraan herinner dat predikante die byeenkoms moet bywoon en word versoek om die nodige beplanning en begroting in plek te kry om dit vir alle predikante moontlik te maak om die beraad by te woon.

## TUINROETE

Die Bond se jongste gemeente kry 'n eie predikant! Ds. Elmien Oosthuizen sal ds. Rita van Antwerpen in die gemeente Tuinroete - om 11:00 in die APK gebou Heiderand Mosselbaai - bevestig op 18 Februarie 2024. Geluk aan haar en die gemeente. Ons bid julle 'n geseënde dienstydperk toe.

## KWILTPROJEK 2024: BONDSDAMES

In Januarie het ek laat weet dat ons, volgens die besluit geneem tydens die Bondsdamesbyeenkoms te Koster, weer begin het om ’n kwilt te maak ter stywing van die Predikante/ Teologiese Opleidingsfonds.
Daar is ook tydens hierdie byeenkoms ‘n voorstel aanvaar dat elke Bonds-gemeente se susters versoek word om ‘n finansiële bydrae te lewer d.m.v. hierdie en/ of ‘n ander selfgeïnisieerde fondsinsamelingsprojek. U kan dus besluit of u as gemeente/ dames self ‘n projek wil loods en so ‘n finansiële bydrae lewer, of u wil deelneem aan die kwiltprojek, of beide. So ervaar ons die gemeenskaplikheid van ons medesusters in geloof en verbintenis. Deur die vorige 6 kwilts is daar reeds meer as R100 000 ingesamel. Die individuele kwiltblokke stel elke gemeente se uniekheid voor, waar die hele kwilt die Geloofsbond as eenheid

voorstel. Die kwilt is die simbool van die saamstaan, saamwerk en saamleef- as gelowige gemeentes- aan 'n groter saak waarvan ons hartelik oortuig is; die opleiding van nuwe predikante.

Die nuwe kwilt vorder mooi, ons hoop om dalk al selfs in Julie te begin beplan aan die uitleg en aanmekaarwerk. Indien u nog wil saamwerk, is u welkom om met Christa Breytenbach van Premiermyn gemeente in Cullinan te skakel @ 0810191722. Ons is veral dankbaar teenoor elke dame by Premiermyn gemeente wat tans besig is met 'n blok of blokke en veral teenoor Hester Botha van Kleinfontein wat 'n mandjievol pragtige kerspitblokke voltooi het.

Leraars, kerkrade en dames word versoek om asseblief die boodskap aan hul gemeentes oor te dra sodat alle Bondsgemeentes deel kan hê aan hierdie besondere projek, selfs al verkoop u net kaartjies.

Hier is 'n paar van die nuutste foto's van die Bondskwilt (in room, wit en goud) in wording.





Yvette Otto
Premiermyn Hervormde Kerk
072 223 7522

## LEWENSBROOD

Die predikante werk hopelik reeds hard aan die dagstukkies vir 2025. Ons dank aan elke een wat bydra tot die suksesvolle publikasie. Die keerdatum vir die instuur van dagstukkies is **middel Mei 2024**. Ons beplan om die gedrukte weergawe vroeër uit te stuur.



## KENNISGEWINGS

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergaweboeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorieboeke
Reklame plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com

**FINANSIERING**

Skakel gerus met Oranjekas (ons mense) vir 'n goeie tarief ten opsigte van lenings, voertuig finansiering en veilige beleggings.

